'Verkoop van ervaring, nie handwerk, help armes'

Hoe kan sosiale entrepreneurs 'n volhoubare onderneming opbou tot voordeel van die armes?

Dr. Elbé Coetzee en haar seun Will, 'n MBA-student aan die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB), het sosiale entrepreneurskap ingespan om 'n familieonderneming, Mogalakwena Craft Art (MCA) in Limpopo, oor 'n tydperk van 15 jaar in 'n volhoubare onderneming te omskep.

"Ons strategiese fokus is maatskaplike ontwikkeling. Ons moes eers kyk hoe die vraag na kunshandwerk lyk," het Will onlangs verduidelik by 'n aanbieding by die USB. Hy het besluit op 'n mark waar niemand met hulle sou kon meeding nie. Hy sê hulle wou hê mense moet die ervaring koop, "nie net die produk nie".

"Ek wou weet waarom sekere kunshandwerkondernemings misluk terwyl ander suksesvol is. Die werkloosheidsyfer van 60% in die Limpopo-provinsie kom ooreen met die MIV/vigs-syfers. Ek het ook gekyk na ernstige kwessies ten opsigte van die swak verskaffing van goedere aan die provinsie. Dit het my laat besef dat ek 'n beter benadering nodig het om die armes te help," sê sy ma, dr. Coetzee.

MCA het 'n nederige begin gehad toe vyf vroue permanent in 1995 aangestel is. 'n Navorsingsentrum is in 2006 geopen om op navorsingsprojekte klem te lê.

Werkwinkels word gereeld gehou om lede van die gemeenskap met lewensvaardighede soos noodhulp, vigs-bewustheid en rekenaargeletterdheid toe te rus.

Vandag is MCA se kunshandwerk deel van permanente versamelings en galerye in Suid-Afrika en oorsee.

MCA het ook sy eie galery in Kaapstad en is geakkrediteer om kunshandwerk vir die Wêreldbeker-sokkertoernooi 2010 te verskaf.